

Die doel van die Nagmaal

In Vraag 75 kan ons sien wat die *doel* van die nagmaal is. Jesus verseker ons “dat jy deel het aan die enige offerande van Christus en aan al sy weldade.” Hy het mos gesê: “Doen dit tot my gedagtenis ...” Dit beteken: Dink aan wat Ek lankal gedoen het en wat dit nou vir jou beteken. Hy het duidelik gesê: “Dit is vir julle. Jy het deel daaraan. Neem dit aan!

Die vraag is nou net: Hoe presies leer en verseker die Here by die nagmaal? Met die bevel en belofte sê en verseker Hy:

Kyk! Kyk hoe word die brood gebreek en die wyn geskink. Dit gebeur buite jou. Dit word vir jou gedoen. So is die liggaam en bloed van ons Here al lankal vir jou gebreek en vergiet.

Neem aan! Die brood en wyn word aan jou persoonlik uitgedeel. Die Here Jesus sê daarmee: Net so seker gee Ek my offer vir jou persoonlik. Neem dit wat Ek gee met vrymoedigheid aan – met jou hand en mond, maar ten diepste met jou geloof.

Eet en drink! Soos die brood en wyn deel van jou word, so ook my genade en seën.

Wat ’n versekering! Ek kan heeltemal seker wees. Dit is die doel van die nagmaal!

Sing: Skrifberyming 11-2:1

Ds. C Hattingh (Randburg)

~~~~~